# ’n Reël wat versigtig maak

***Ek vind dus hierdie wet (reël):***
***as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.***

**Romeine 7:21**

Die Gees woon in ons, Christene, maar in ons is daar ook nog opstand teen God. Daarom ervaar ons moeite met geloof. Alhoewel ons God betroubaar is en ons ons sekerheid in sy Woord vind, ervaar ons soms twyfel en aarseling.

Dieselfde ‘probleem’ doen hom voor met ons gehoorsaamheid. Ons stem van harte toe dat die Here die reg het op ons gehoorsaamheid. Ons aanvaar sy gebooie as goed en suiwer. Maar ons sien nie kans om dit volledig in praktyk te bring nie. Ons ou mens speel nog ’n te groot rol.

Die teks vir hierdie oordenking is geneem uit die bekende gedeelte uit die brief aan die Romeine. Paulus skryf daar in die eerste persoon. Die vraag is wie hy met daardie ‘ek’ bedoel. Dit word baie keer beweer dat die apostel homself beskryf, soos hy voor sy bekering was. Dus sou jy wat hier staan moet toepas op mense wat nie in die Here Christus glo nie.

Tereg word daarteenoor verdedig dat dit nie die onbekeerde Paulus is wat geteken word nie, maar die Christen. ’n Sterk argument hiervoor is die wyse waarop die nuwe lewe geteken word: die wens om God te dien, Hom te gehoorsaam en die gepaardgaande afkeer van die sonde is aanwesig by hierdie persoon. Sien bv. vers 19: “Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.” Die verlange om God se wil te doen, kom hier duidelik na vore. Die keersy van dieselfde munt: die wil om met dit wat God verbied het te breek, kom ook na vore. Ons het dus ’n haat vir en ontvlugting van die sonde, asook die positiewe begeerte om te gehoorsaam, ’n lus en liefde om na die wil van God te leef in alle goeie werke. En hierdie dinge is kenmerkend van ’n egte bekering, waardeur ’n mens diepgaande verander het. ’n Christen lees in Romeine 7 sy eie lewensbeskrywing. Hier word verwoord hoe ons worstel, die keuse uitoefen om die goeie te doen, maar dit tog weer verbrou of nalatig is.

Soms hoor ’n mens uitsprake oor die sonde van die mens, en dan word Romeine 7 daarby betrek. Dit is dan uitsprake soos: “Eintlik doen ons net sondige dinge”. Of: “Alles in ons lewe is verkeerd en bedorwe”. Sulke uitlatings hoef ’n kind van God egter nie vir sy rekening te neem nie. So somber word dit nie hier in Romeine 7 beskryf nie. Dit is so, hier word die krag van die sonde in ons lewe benadruk, maar tegelyk word die nuwe in die Christen se lewe aangegee: God se kinders het oog gekry vir die goeie, sien die goeie raak en begeer om dit in praktyk te bring. Dikwels kry ons dit nie baie goed reg om die goeie in praktyk te bring nie, maar die verlange na en die bewuste keuse vir gehoorsaamheid is teenwoordig. En dit is die teenoorgestelde van sonde!

In ons brand die heilige vuur van die Gees. Die Gees van wedergeboorte. Diep in ’n Christen leef die nuwe wil en die bereidheid om van harte voor God te buig. Daaroor verheug ons God Hom! Dit is dan ook God se eie werk. Hy spoor ons so deur sy Gees aan tot ’n nuwe ywer dat die woord ‘jaag’ selfs van pas is. Ons weet verseker dat ons nog nie volmaak is nie, maar ons jaag dit na (Filippense 3:12). Hierdie is woorde van dieselfde Paulus wat in Romeine 7 oor die sterk invloed van die sonde in sy lewe skryf! En daarom, diegene wat slegs oor die sonde in sy lewe praat, doen aan die vernuwende werk van die Here tekort! Die Gees bewerk nuwe gehoorsaamheid in ons.

Aan die ander kant, wie sy oë vir die bedreiging van die sonde in sy lewe sluit, verval in ’n ongeoorloofde optimisme en loop die gevaar om van God te vervreem. As jy die gevoel het dat jy sterk staan, het jy mos nie hulp nodig nie!

Die kwaad is naby. Dis by my aanwesig, sê die apostel. Jy sou gemaklik daaraan gewoond kon raak, maar dit gaan ten koste van jou berou en verdriet. Sonde is juis dit waaraan jy nie gewoond mag raak nie, maar wel mee moet rekening hou.

Uit die Kategismus ken ons ons drie doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie vlees – ons eie ek (HK Sondag 52). Let daarop dat die derde een juis die gevaarlikste is. Die duiwel kan iets by ons bewerkstellig, die wêreld kan jou beïnvloed, juis omdat ons self so swak is.

Ons lewe is nie ’n lewe van net sonde nie. Goddank! Die Heilige Gees bring ware bekering tot stand. Die sonde speel wel altyd ’n rol in ons lewe. Die goeie in ons lewe waaroor die Here opreg bly is, bly gebrekkig. Ons is wel van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos, maar Hy verlos ons in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie (Romeine 7:14). As ons die reël van Romeine 7 onthou, sal dit ons versigtig maak en leer bid vir die wapenrusting van God.

J Jansen

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za